Bouvorm verleen hom tot enige dissipline. Jy kies eers die dissipline en die bouvorm sal in daardie rigting ontwikkel

Vorm of funksie – wat kom eerste?

Die hele kwessie rondom die regte tipe perd vir 'n spesifieke aanwending, bly 'n onderwerp vir lewendige bespreking. Tydens 'n besoek aan die Newcastle SA Boerperdskou vroeër vanjaar, het *SA Horseman* 'n paar ringkop-telers van dié ras gevra om riglyne te gee oor hierdie kwessie. Hoe verskil die tradisionele tipe SA Boerperd van die Universele tipe? Hier is hulle antwoord:

Die SA Boerperd is 'n unieke ras wat vir bykans 300 jaar deur mens en natuur geselekteer is vir funksionele doeltreffendheid. Na drie eeue se seleksie deur 'n meedoënlose natuur en veeleisende gebruikers, is daar tot die volgende stap oorgegaan – om die eienskappe van die mees voortreflike diere in die ras, as rasstandaarde neer te lê.

'n Interessante feit is dat daar nie tydens die ontwikkelingsperiode van die ras vir 'n spesifieke doel, soos ryperd of tuigperd, geteel is nie. Daar is veel eerder gestreef om 'n veelsydige, meerdoelige perd wat as ryperd, karperd, jagperd en spogperd gebruik kan word, te teel.

Weens dié teelbeleid vind ons dat die moderne SA Boerperd nog steeds aan die veelsydigheidseienskap voldoen. Voeg hierby die ras se bewese rekord van gehardheid, ekonomiese gebruik van kos, lae onderhoudskoste ten opsigte van instandhouding van hoewe, en jy kry 'n voortreklike, ekonomiese, veelsydige gesinsperd wat normaalweg ook gemaklik kan presteer in enige dissipline as ry-, tuig- en sportperd.

Voorts maak die ras se goeie en gelykmatige temperament, gehoorsaamheid, ingebore begeerte om die mens te dien asook mooi simmetriese bouvorm en wakker, adellike voorkoms dit 'n ideale mededinger in meer formele dissiplines soos dressuur.

Dit is juis weens die ras se uitnemende vermoë om in die dressuur-dissipline te presteer dat daar begin is om 'n onderskeid te tref tussen hoër- en laer knie-aksie binne die ras:

- Universele beweging waar 'n laer tot middelmatige knie-aksie van toepassing is en
- Tradisionele beweging waar 'n middelmatige tot hoër knie-aksie van toepassing is.

In beide gevalle is die rasstandaard se vereiste van lang, veerkragtige treë wat grond dek, noodsaaklik. Intelligensie en 'n hoë vlak van skoolbaarheid, is ononderhandelbaar.

Al hierdie eienskappe en vereistes word akkuraat in die rasstandaarde beskryf: " 'n Intelligente, gebalanseerde, wakker perd met hoë kwaliteit en 'n adellike voorkoms." Soos reeds genoem, vorm hierdie eienskappe saam die tipiese SA Boerperd – 'n uitstaande temperament, begeerte en gewilligheid om die mens te dien, asook 'n kenmerkende dapperheid.

Deur middel van 'n neergelegde seleksieproses op 'n ouderdom van ten minste twee-en-'n-half jaar, word verseker dat die voorgeskrewe rasstandaarde gehandhaaf word. Opgeleide keurders inspekteer elke perd individueel om te bepaal of die dier aan die rasstandaarde ten opsigte van bouvorm voldoen, alvorens die gesogte Boerperd-brandmerk op die regterboud aangebring word.

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie keuring gedoen word op grond van minimum rasstandaarde en dat daar 'n mate van buigbaarheid ten opsigte van verskille in voorkoms is, solank die dier aan die goue vereiste van 'n gebalanseerde, wakker, hoë-gehalte perd met 'n adellike voorkoms, voldoen.

1

2

1A


2A

3

4

Die keuringsproses verseker dat die nodige standaarde gehandhaaf word en dat uiterstes vermy word. So byvoorbeeld, is die poontipe aan die een kant en die volbloedtipe aan die anderkant, onaanvaarbaar.

Uit die voorafgaande is dit baie duidelik dat die veelsydigheid van die SA Boerperd as ras, dit by uitnemendheid geskik maak om, met die nodige en korrekte afrigting, in enige dissipline te presteer.

Uit 'n vergelyking van die twee perde op *Foto 1* en *1A* en *Foto 2* en *2A*, blyk dit dan ook duidelik wat bedoel word met die stelling oor korrekte afrigting. Die twee perde op hierdie fotos is volbroers. Die perd op *Foto 1* en *1A* is afgerig vir die dressuur- en universele dissiplines, terwyl die perd op *Foto 2* en *2A* 'n tipiese tradisionele driegang- en enkeltuigperd is. Die verskil in voorkoms en selfs bouvorm is na tien jaar se afrigting in die verskillende dissiplines duidelik waarneembaar, hoewel beide nog voldoen aan die neergelegde rasstandaarde.

"Die SA Boerperd is 'n unieke ras wat vir bykans 300 jaar deur mens en natuur geselekteer is vir funksionele doeltreffendheid"

Die twee jong perde op *Foto's 3* en *4* verteenwoordig die Universele beweging (*Foto 3*) en die Tradisionele beweging (*Foto 4*). Die verskil is duidelik ondanks die feit dat daar groot ooreenstemming in bouvorm is – hulle is immers van dieselfde ras en voldoen aan die neergelegde rasstandaarde.

Uit al bogenoemde inligting word dit duidelik: Bouvorm verleen hom tot enige dissipline. Jy kies eers die dissipline en die bouvorm sal in daardie rigting ontwikkel. Iets wat wel in gedagte gehou moet word by die keuse van 'n perd, is dat die Universele en Tradisionele beweging redelik vas geteel is. Indien jy 'n perd met hoër beweging wil hê, maak seker dat jy dit van die begin af kry. **SAH**

Die Merk
van kwaliteit

Die Boerperd brandmerk:
waarmerk van die ware SA Boerperd

Sonder die B-brand is dit nie 'n ware SA Boerperd nie.

Skakel Sonja by
SA Boerperdtelersgenootskap
051 430 2456
E-pos sonja@studbook.co.za
www.saboerperd.com